



88110003



AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 1
AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1
AFRIKÁANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1

Wednesday 9 November 2011 (morning)

Mercredi 9 novembre 2011 (matin)

Miércoles 9 de noviembre de 2011 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only. It is not compulsory for you to respond directly to the guiding questions provided. However, you may use them if you wish.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Rédigez un commentaire sur un seul des passages. Le commentaire ne doit pas nécessairement répondre aux questions d'orientation fournies. Vous pouvez toutefois les utiliser si vous le désirez.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento. No es obligatorio responder directamente a las preguntas que se ofrecen a modo de guía. Sin embargo, puede usarlas si lo desea.

Skryf kommentaar op *een* van die volgende.

1.

Winternag

'n Man is op pad na die begrafnis van Mila, 'n vrou wat hy jare gelede in Holland geken het. Mila, die uitbundige meestersverteller van allerhande stories, trou uiteindelik met 'n politikus, boer en sakeman in die Oos-Kaap. Die gebeure by die begrafnis openbaar 'n onthutsende geskiedenis wanneer dit blyk dat haar egoïstiese man haar tot in die dood uitbuit deur sy politieke toesprake (waarin hy ruimskoots van haar pittige vertellerstalent gebruik gemaak het, sonder om haar aandeel te erken) in boekvorm uit te gee.

Lees nou verder:

Genadiglik was daar 'n klein verwarmertjie in die kamer en oor die bed was 'n duvet by die B en O waar ek op die dorp losies gekry het. Dit was te laat om uit te ry plaas toe. Voor ek ingedommel het, het ek na die stilte lê en luister, na elke hoes en kraakgeluid.

5 “Die arme Mila,” was die eienares se onbewaakte reaksie oor die ontbyttafel. “Ook een op haar eie. Ons het u lankal góéd geken, van al Mila se vertel.”

“Ás hy haar laat kuier het.” Haar man het die dompelaar met koffie voor my neergesit.

“My man kan Jakob nie verdra nie. Ek stem ook nie met hom saam nie, maar as hy met sy storie op 'n vergadering begin, luister die mense, dis waar.”

10 “Die laaste keer wat sy hier was, toe sit sy daar en toe vra sy vir my of dit vir my ook voel die winter word iedere jaar langer. So vreemd.”

Dis nou al byna drie maande gelede, maar as ek my oë toemaak, sien ek nog die mense daardie middag langs die graf: aan die een kant Jakob en sy statige ou moeder met kollegas en vriende, almal met jasse teen die koue, die vrouens met wit handskoene en Eau de Cologne-kantsakdoekies. Oorkant die graf die dorpsmense en die plaaswerkers wat 'n sangstuk 15 gelewer het, agter die begraaftplaasheining. Almal geboë by die oop gat in die vaal aarde. Stof tot stof. Bo in die blou die rotsvalkies wat vanjaar vroeg al soekend oor die vlaktes en oor die dorp swerm en swenk.

Wie almal toesprake gehou het by die graf en in die Mullergesin se groot plaashuis, waar daar ná die begrafnis verversings bedien is, onthou ek nie. Die streekvertegenwoordiger van 20 die Party wat met my kom praat het by die kerk, 'n meelewende, intelligente man wat hier buite die dorp grootgeword het, was net by die graf. Ek het vir almal vertel van ons vriendin Mila, die onvervalsbare, égte méns, en van haar pragtige verhale; ek het met spyt genoem dat hulle nou net sal voortleef in die geheue van dié wat haar hoor vertel het.

25 Jakob het by die graf niks gesê nie, hy het sy moeder aan haar arm vasgehou en na die kis staan en kyk. Hy het nie 'n graaf grond of 'n blom by die ondernemer geneem om haar vir oulaas te groet soos die gewoonte hier is nie.

In hul ruim sitkamer op die plaas het hy hier en daar gesels, mense bedank, toe op sy hande geklap om iets to sê. Almal het geswyg.

30 Moes ek dit verwag het? Dat hy my spesiaal sou bedank vir die mooi woorde by die graf
oor “haar storietjies”. Toe het hy, kennelik met ingetoë trots, bekend gemaak dat die familie
’n fonds gestig het waartoe die begrafnisgangers kon bydra. Hulle sou sorg dat iets van haar
tóg behoue bly: die toesprake wat sy vir hom help skryf het. Dit was as aanprysing bedoel:
“...die mooi toesprake wat Mila vir my help skryf het en waar ons van haar verhale ingewerk het
35 hulle die toesprake in boekvorm publiseer.

Rondom die huis met sy houtpanele teen die sitkamer-mure, sy gang vol familieportrette
en sy breë houtvloer-stoep is die gras spesiaal gesny vir die begrafnis. Agter die gras was
daar niks, geen boom, geen struik. Perde wat ver wei en ’n windpomp op die horison het die
leegheid beklemtoon. Wat het hier geword van Mila? Ek het probeer om my haar voor te stel
40 in dié oordadige spel, dié skuiwe, dié onlesbare dors – na wat? Nog rykdom, bietjie aansien,
’n bietjie mag? Sy was nêrens.

Ek het in my motor geklim. Op pad, toe daar geen mens meer in die nabyheid was nie,
het ek stilgehou en in die swaar skemer uitgeklim.

As die son sak, styg ’n kil koue op uit die klippe.

45 Dis ’n wêreld hierdie wat stil kan raak. Stil en leeg.

A H de Vries, *Insig* (Julie 2007)

- Mila het nooit haar skat van verhale opgeteken nie, maar op ’n bitter ironiese wyse sal dit wel haar dood oorleef. Hoe so?
- Die skrywer vra die retoriese vraag: Wat het geword van Mila? Beantwoord die vraag in die lig van haar man se optrede op die begrafnis.
- Met spesiale verwysing na die titel van die verhaal, lewer kommentaar op die wyse waarop die weer en die landskapsbeskrywing die algemene stemming van die kortverhaal ondersteun.

2.

Sag soos sneeu skuif die wêreld
'n aks
en waar 'n deur was gange en vensters
waar die welsprekende lig psalmsingend ingebuig het
5 is dit nou dig.

Geluid en gebare bly
strate en plakkate bly
kinders, man, vriend en vyand bly
soet en sag en bitter, maar naamloos, bly.
10 Slegs taal sink sonder 'n snak
vergit, verys, word klip.
Die tong strek en spartel eens
syg woordeloos en sneuwel
staar oopoog
15 waar wolke verbydryf
die lug onbegryplik blou
die gras onnoembaar mals.
Die fyn net om elke ding gee mee.

Later soek hulle
20 met flitsligte loop hulle
verby, roep en roep – my?
skud die koppe, klik met die tonge, ai-ai in die kele
gaan huis toe

en laat my bibberend lê
25 'n swart gat in my mond
ondood in die voorwêreld.

Corné Coetzee, *Beroerte* (2010)

- Die gedig is vanuit die perspektief van die vrou wat 'n beroerte-geval is, geskryf. Wat in die gedig dui daarop dat die vrou aan die woord is?
- Die ironie dat sy haar spraak verloor, maar haar skerp waarnemingsin behou, skep 'n polêre spanning wat bepalend is vir die oorkoepelende struktuur van die gedig. Verduidelik.
- Op welke wyse word die ellende van spraakverlies en die spanning van drywende hopeloosheid deur die digter vasgevang?
- Hoe sou jy die toon van haar gedagtegang beskryf?